2021

Jesus se Gebed

JESUS SE GEBED

NG Nelspruit-Suid

Dr. Jean Strydom

Inleiding

Jy het seker al vele male hierdie woorde gehoor of selfs vir iemand gesê: “Ek bid vir jou”. Wanneer iemand hierdie woorde vir jou sê, is dit asof daar ‘n kalmte en vrede oor jou spoel. Iemand dink aan my. Iemand gee tog om wat met my gebeur. Ek is nie alleen in hierdie omstandighede nie. Dit gee ‘n mens opnuut weer hoop om aan te gaan, ten spyte van die omstandighede wat jou in die gesig staar.

Hoe sal dit jou laat voel as Jesus vir jou sou sê: “Ek bid vir jou”? Besef jy dat Jesus wel hierdie woorde gesê het. In Joh. 17:9 sê Jesus: *“Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U my gegee het, omdat hulle aan U behoort.”* Hierdie is nie sommer maar net leë woorde nie. Hierdie is woorde wat Jesus uitgespreek het in Sy gebed, voordat Hy gevange geneem is. Hierdie is woorde wat Sy hartsbegeerte uitgespreek het. Is dit nie wonderlik om te weet dat jy in Sy gedagtes was, net voor Sy gevangenisskap en dood nie? Is dit nie ook vir jou een van die grootste tekens van Sy liefde nie? Binne daardie angsbevange momente van bloed, angs en sweet, het Hy aan jou gedink.

Sy gedagtes het nooit oor Homself gegaan nie, maar oor jou. Johannes 17 is een van die hoogtepunte van Jesus se bediening. Hierdie is ‘n baie besondere gebed wat opgeteken is.

Die globale struktuur van hierdie gedeelte val uiteen in drie dele:

Vers 1-5: Jesus kyk op na die hemel en verheerlik die Vader, in die wete dat Sy werk op aarde byna voltooi is.

Vers 6-19: Jesus kyk rondom Hom en bid vir die dissipels. Hulle word nou die gestuurdes wat in die wêreld moet uitgaan om die Koninkryk te gaan uitbrei.

Vers 20-23: Jesus kyk ook vorentoe en bid vir die eenheid en heiligheid van die kerk, wetende dat die wêreld hulle geloof sal baseer op die voorbeeld wat die gelowiges sal stel.

Die vraag is, hoekom het Jesus hierdie gebed gebid? Dis duidelik dat Hy homself wou voorberei vir dit wat volgende sou gebeur. Vir al die pyn en leiding wat Hy gaan verduur, ter wille van die mensdom. Ter selfde tyd het Hy jou ook in gedagte gehad. Hy het vir jou gebid. Hy het geweet dat jy ook in jou lewe, in soortgelyke "oorloë" gewikkel sal wees. Hy het geweet dat terwyl jy besig is om die Koninkryk uit te brei, jy Sy ondersteuning, gebede, sorg, beskerming en liefde nodig sal hê. Hy het ook geweet dat jou eenheid met ander gelowiges baie belangrik sal wees ten einde die Koninkryk uit te brei en Hom te verheerlik. Jesus kom wys vir ons laastens dat met gebed, die belangrikste nie is om óns wil te laat geskied nie, maar dat God se wil hier op aarde moet geskied.

Mag jy gedurende hierdie reis deur Johannes 17, opnuut die liefde van Jesus aanvoel. Mag Sy woorde wat Hy vir jou bid, jou opnuut versterk en bemagtig om voluit vir Hom te werk in die uitbreiding van die Koninkryk.

Jean Strydom

Studie 1:

Ter wille van die heerlikheid (glorie) van God

Jy kan nie Johannes 17 bestudeer sonder om die onderwerp van heerlikheid aan te spreek nie. Die woord glorie of heerlikheid word agt keer in Johannes 17 gebruik. Vyf keer, in die eerste vyf verse waar Jesus vir homself bid. Ons sien in die gedeelte dat dit soms as werkwoorde en ander kere as selfstandige naamwoorde gebruik word. Die woord heerlikheid / verheerlik / glorie binne die Hebreeuse konteks beteken in kort, iets wat gewigtig is binne God se teenwoordigheid. Om glorie te gee, is om te eer. Die Griekse woord hiervoor is *"doxa".*

Binne die konteks kan ons in kort sê dat dit vir Jesus belangrik was dat Hy deur die gebruik van die woord glorie, die belangrikheid van God wou aandui. Daardeur sê Hy dat God se teenwoordigheid in ons lewens, uiters belangrik is. Hy het so gelewe dat God verheerlik word. Dis ook die uitdaging wat ek en jy het, om so te lewe, dat God deur ons verheerlik word. Dat Sy glorie te alle tye sal skyn. In vers vyf verwys Jesus na die heerlikheid wat Hy reeds gehad het. Hier help Paulus ons met die teks van Fil. 2:6-8. Paulus skryf hier dat Jesus sy heerlikheid en Sy posisie in die hemel verlaat het om mens te word, sodat die wil van die Vader uitgevoer kan word. Die wil van die Vader was, dat Jesus versoening tussen mens en God sou bewerk, deur Sy kruisdood.

- ❖ Vraag: Leef jy in so 'n mate dat God deur jou verheerlik word?

Die probleem is dat baie mense vandag leef sodat hulle verheerlik kan word, dat die lig eerder op hulle moet val. In Joh. 17:22 bid Jesus dat dieselfde heerlikheid wat Hy ontvang het, ook deur ons sal werk. Ek en jy het dit ontvang, maar daar is 'n spesifieke doel daarmee. Dit is om eenheid te bewerk.

Vrae vir bespreking

- Wat is jou hoof-ambisie in die lewe?
- Hoe dink jy probeer mense erkenning aan hulself gee?
- Wat was Jesus se hoofdoel volgens hierdie gedeelte? (17:1, 4)
- Op watter wyse, het Jesus die Vader verheerlik? (17:4)
    - Kyk na die volgende verse: 17:6a, 8a, 14a, 26a
- Wat kan jy vandag doen om God te verheerlik?
    - Fil. 2:14-16a
    - 1 Pet. 3:15
- Wat dink jy het dit van Jesus geverg om hierdie gebed te bid?
- Wat dink jy bedoel Jesus as Hy bid dat die Vader hom volmag oor die hele mensdom gegee het?
- As jy vers een tot vyf mooi lees, sal jy agterkom dat Jesus in totale afhanklikheid van die Vader geleef het, en dit vorm die sleutel tot verheerliking. Kyk na die verse en probeer vasstel op watter wyse Jesus afhanklik was en wat die uiteinde daarvan was. Maak dit dan ook van toepassing op jou eie lewe.
- Ewige lewe is ook ‘n prominente tema in die eerste paar verse van die gebed. Vir Jesus is die ewige lewe egter alles. Dit is Sy passie om dit ook vir jou te gee, sodat jy vir ewig by Hom kan wees. Hoe sal jy die ewige lewe aan iemand beskryf?
- Wat is volgens vers 3, die ewige lewe?
- Die woordjie “ken” in vers 3 is natuurlik ‘n sleutelwoord in die verkryging van die ewige lewe. Die woordjie word gekoppel aan die begrip “om in ‘n intieme verhouding te leef”. Gesels oor die woordjie “ken” binne die konsep van die verkryging van die ewige lewe en vir die pad van heiligmaking. Die pad van heiligmaking, is ons daaglikse geestelike reis om meer soos Jesus te word.

- Wat was die Samaritaanse vrou in Joh. 4:13-15 se siening van die ewige lewe?
    - Wat het Jesus haar geantwoord?
    - Hoe pas Sy antwoord in by dit wat Hy bid in Joh. 17:3
- Lees Matt. 7:21-23 in die lig van die ewige lewe waarvan Jesus in vers 3 praat. Bespreek dit.
- Jesus sê in vers 4 dat Hy God op aarde verheerlik het, deur gehoorsaam te wees aan Sy opdrag. Markus 1:34-39 sê duidelik wat Jesus kom doen het en Joh. 6:14-15 wys dat Jesus by Sy opdrag gebly het.
    - Hoe dink jy het Jesus die heeltyd geweet wat presies om te doen?
    - Hoe kan jy ingestel bly op die opdrag wat God vir jou het?
- Jesus praat van ‘n heerlikheid wat Hy voorheen gehad het. Lees Fil. 2:6-8 en gesels daaroor.
    - Dink jy dit was moeilik vir Jesus om die hemelse troonsaal te verlaat?

Samevatting en Afsluiting

- Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Studie 2:

Kenmerke van Christen Gelowiges

As jy mooi kyk is die res van die gebed (vers 6-19), niks anders as ‘n opsomming van die basiese kenmerke waaraan 'n Christen gelowige uitgeken word nie. Ja, Jesus bid vír ons, maar ín Sy gebed sien ons wat die kentekens van 'n Christen is.

- ❖ Wat sou jy sê, is die kentekens van ‘n Christen gelowige?

Kom ons kyk na ‘n paar kenmerke en gesels dan daaroor.

EERSTE KENMERK (v 6-8): Jy is iemand wat die Woord en woorde van Jesus ter harte geneem het. Dit wil sê, dit het ‘n daadwerklike impak op jou lewe gemaak. Die woorde was lewensveranderend. Jy is nou iemand wat weet en glo dat Jesus van die Vader gekom het, en dus die Messias is.

- ❖ Watter rol speel die Heilige Gees om die Woord en woorde van Jesus lewend te maak?

TWEEDE KENMERK (v 9-10a): Jy behoort aan die Vader en daarom bid Jesus vir jou. Wat vir die Vader belangrik is, is vir Jesus belangrik.

- ❖ Watter verskil maak dit in jou lewe, om te weet dat jy aan die Vader behoort?
- ❖ Hoe belangrik ag jy dit, dat Jesus vir jou bid?
- ❖ Kan mense sien dat jy aan die Vader behoort?

DERDE KENMERK (v 10b): Jy verheerlik Jesus. Dit is wat Jesus vir die Vader gesê het. Daarmee bedoel Hy dat jou lewe ‘n lewe tot verheerliking van Hom moet wees. As mense jou lewe in oënskou neem, moet hulle Jesus se refleksie kan sien.

- Verheerlik jy Jesus in jou lewe?
- Hoe kan ons prakties, Jesus verheerlik?
- Wat sou die impak wees indien alle Christene Jesus sou verheerlik?

VIERDE KENMERK (v 11b-12, 15): Jy word bewaar in die vader se naam

- Hoe laat dit jou voel?
- Lees 1 Pet 5:8 en 1 Pet 1:3-9 en bespreek dit in die lig van hierdie kenmerk

VYFDE KENMERK (v 14-16): Die wêreld haat jou, omdat jy nie tot die wêreld behoort nie. Jy behoort nou aan die Vader en Jesus het jou verlos van die greep wat Satan, die owerste van hierdie wêreld op jou gehad het. Jy is nou ‘n kind van God.

- Kyk wie is jy nog (1 Pet 2:9-10 en 2 Kor 5:5-8)
- Watter uitdagings stel hierdie verse aan jou?

SESDE KENMERK (v 17-19): Jy moet aan God toegewy wees deur die waarheid. Hierdie waarheid is die Woord.

- Lees Joh. 14:6 en hoor wat sê Jesus oor die weg, die waarheid en die lewe.
- Wat is die oorsaak dat ons soms verslap in ons toewyding?
- Hoekom is die Woord, die waarheid?
- Bespreek die volgende: Die waarheid wat jy oordink, werk met jou en maak jou toegewyd, sonder dat jy probeer om jouself toegewyd te maak.
- Lees Ps. 1:1-2 en gesels daaroor

- Lees Ps. 119:1, 9, 105 en gesels daaroor

Samevatting en Afsluiting

- Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Studie 3

In die wêreld, maar nie van die wêreld nie

Wat sien ons as ons na mense kyk wat nie Christene is nie? Sien ons mense wat hardkoppig aan hulle sonde vashou en nie die knie wil buig voor ’n morele God nie? Sien ons dalk mense wat net weer moet hoor, net nog ’n beter, ‘n duideliker aanbieding van die evangelie moet kry, sodat hulle tot geloof kan kom? Sien ons mense wat van hulle intellektuele meerderwaardigheid moet afstand doen, omdat God slegs in ’n plek van nederigheid ontmoet kan word?

Daar is waarskynlik, tot ’n mindere of meerdere mate, waarheid in elk van die bogenoemde opinies, oor mense wat nie in die Christelike geloof deel nie. Bepaalde lewenswyses, wanbegrip van die evangelie, misplaaste intellektuele trots – dit alles kan ’n rol speel vir waarom mense die Christelike geloof met agterdog of selfs met openlike vyandigheid bejeën. Elkeen van hierdie sake (en enige ander) moet en kan op die regte manier deur Christene aangespreek word.

Maar is die grootste rede vir mense se skeptisisme nie eerder die afwesigheid van Christene met lewensverrykende betrokkenheid op alle vlakke van die samelewing nie?

Lees Joh. 17:11, 14-16, 18

- ❖ Dink krities na oor die volgende: Christene is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie.
- ❖ Wat lei jy af vanuit hierdie verse?

Kom ons breek die gedagte op sodat dit vir ons makliker verstaanbaar is. Eerstens is ons in die wêreld (v 11). Ons is soos ‘n ruimtevaarder wat in sy ruimtepak in die buitenste ruimte is, of soos ‘n skubaduiker wat in sy duikpak diep

onder die water is. In beide gevalle kan die persone funksioneer, maar dit is nie hulle natuurlike habitat nie. So is dit met ons, hierdie wêreld is nie werklik ons tuiste nie.

- ❖ Hoekom is die wêreld nie meer ‘n gelowige se natuurlike tuiste nie? (1 Pet 2:11-17)

Tog raak soveel mense aangetrokke tot hierdie wêreld. Hulle raak te verknog aan die waardes en sisteme van hierdie wêreld. Baie mense word gekontamineer deur wellus, magsbeheptheid, materialisme en allerhande ander wêreldse begeerlikhede. Na ‘n ruk kom so ‘n mens nie eens meer agter dat hulle net soos hierdie sondige wêreld geword het nie. Dan sukkel mens ook om agter te kom wat die verskil nou eintlik tussen gelowiges en ongelowiges is.

Vers 14 en 16 stel dit duidelik dat ons nie van hierdie wêreld is nie. Jy moet anders wees. Afgesonder vir God leef, heilig wees.

- ❖ Dink jy heiligheid is ‘n “oorlewingsmeganisme” wat ons gebruik om te oorleef, binne hierdie wêreld?
- ❖ Beteken heiligheid om glad nie te meng met die wêreld nie, ‘n tipiese asketiese bestaan?
- ❖ Hoekom dink jy is 1 Pet 1:15-16 belangrik?
- ❖ Lees 1 Joh 2:15-27 en bespreek dit

Jesus bid in vers 15 spesifiek dat ons as gelowiges nie uit hierdie wêreld geneem moet word nie.

- ❖ Hoekom dink jy bid Jesus dit?

Jesus verwag van jou om dus in die wêreld te beweeg, sonder dat die sondige kultuur op jou afsmeer. Jy moet dus nie toelaat dat die wêreldse sisteem jou insluk nie. Jy moet daagliks vanuit jou geloof en verbintenis aan Jesus leef, en nie jouself noodwendig afsonder van die wêreld nie.

- Hoekom mag jy jouself nie afsonder (soos kluisenaar) van die wêreld nie?
- Watter raad gee Jesus in vers 17, 19 sodat ons nie soos die wêreld leef nie.
- Hoe kan jy jouself “heilig”?

Jesus gee egter vir ons ‘n opdrag om ‘n verskil in die wêreld te maak. In vers 18 praat Hy met die Vader oor die opdrag.

- Hoeveel gelowiges dink jy besef dat hulle hierdie opdrag het?
- Wat sê jou leefstyl, oor jou verhouding met die wêreld, en jou opdrag?
- Hoekom is dit vir ons so maklik om geheg te raak aan die wêreld?
- Hoe kan ons die wêreldse houvas verbreek, nadat ons reeds tot bekering gekom het?
- Watter veranderinge moet jy in jou leefstyl aanbring, ten einde jou te onderskei van die wêreld, en jou hemelse opdrag beter uit te leef?

Samevatting en Afsluiting

- Probeer om in een, of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het prakties toepas as ligdraer van God?
- Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Studie 4

Eenheid in die kerk

In die laaste deel van die gebed bid Jesus spesifiek vir almal wat tot geloof sal kom. Hy bid in besonder vir al die gelowiges om ‘n eenheid te vorm. Die doel daarvan is natuurlik sodat die wêreld kan glo dat Jesus die gestuurde was.

Jesus bid vir die eenheid van die kerk. Dit beteken Jesus bring 'n nuwe gemeenskap van volgelinge byeen wat gekenmerk moet word, (a) deur 'n eendragtige navolging van Jesus. Sy dissipels word geestelik gebore uit die liefde wat die Vader deur die Seun aan hulle bewys het, en (b) moet mekaar daarom in liefde dien. Deur hulle eenheid en liefde (c) getuig hulle na buite. Omdat die kerk een is, sal die wêreld glo dat God nuwe lewe moontlik maak.

Dit is tragies dat daar vandag soveel tweespalk en verskeurdheid in die kerk is. Daar is fout in ons geestelike DNA, wanneer die eenheid van die liggaam van Christus, nie langer vir ons belangrik is nie. Ons kan bv. so gefokus wees op ons voorkeure, dat ons bereid is om die kerk middeldeur te kloof, net omdat ons eie behoeftes nie langer beantwoord word nie.

- Hoe beleef jy die verskeurdheid binne die kerk, of pla dit jou nie?
- Dink jy ons is selfsugtig i.t.v ons voorkeure, as dit by die eenheid van die kerk kom?
- Lees in 1 Kor. 3:1-9 oor Paulus wat die oorsaak van verdeeldheid onder gelowiges aanspreek.

Vir Jesus is die eenheid van die kerk geleë in die eenheid van Vader, Seun en Heilige Gees. Die kerk moet een wees, soos God een is. Vir die wêreld buite die kerk is dit 'n geval van "sien is glo". Die wêreld kan net glo wat hulle by die kerk

sien. Daarvoor is Jesus se gebed in Johannes 17 net té duidelik dat die kerk één sal wees sodat die wêreld kan sien (17:24), glo (17:21) en weet (17:23). Hulle kan net sien as die kerk sigbaar een is.

- ❖ Dink jy die kerk se getuienis sou ‘n groter impak gehad het, as die kerk waarlik een was?
- ❖ Wat dink jy sien die wêreld as hulle tans na die kerk kyk?

Daarom kan die kerk nie weg kom met die verskoning van die sogenaamde "onsigbare kerkeenheid" nie. Eenheid is bedoel om gesien te word. Die wêreld kan nie glo op grond van 'n onsigbare eenheid nie.

Ons moenie Jesus se gebed om eenheid probeer afwater, omdat ons so sukkel om een te wees nie. Ons moet te alle tye daarna strewe.

Een of eenders?

Jesus bid dat daar eenheid onder sy volgelinge sal wees. Hierdie volgelinge was nie 'n groep eenderse mense nie en tog bid Hy dat hulle een sal wees.

- ❖ Miskien dink ons te veel oor eenheid in terme van "eendersheid". Vir baie mense is 'n peloton mense in uniform wat in gelid marsjeer, iets aanskoulik... Dis volledige eendersheid. Wat is jou gevoel hieroor i.t.v die kerk?

Die gevaar is dat ons iets hiervan in die kerk, in ons gemeente soek wanneer ons aan eenheid dink. Dan voel ons goed as almal konformeer na eenderse kleredrag en dieselfde gebruike. Wanneer hierdie prosesse lank genoeg in 'n bepaalde gemeente plaasvind, raak dit al moeiliker om mense wat anders is sonder meer te aanvaar. Dit is nie verkeerd om by mekaar aan te pas en te konformeer nie. Die probleem ontstaan egter wanneer ons dit begin verwar met gemeente-eenheid en kerkeenheid.

- ❖ Stem jy saam met bogenoemde of verskil jy daarvan? Wat is jou opinie?

Nee, eenheid is nie eendersheid nie. In die kerk van die Nuwe Testament was daar trouens die grootste verskeidenheid mense denkbaar in die gemeentes wat ontstaan het. Jood, Griek, arm en ryk, sondaars en mense wat al 'n lang pad met die Here gestap het. Van hierdie mense was selfs voormalige vyande van mekaar.

Die eenheid in liefde en diens waarvoor Jesus bid, toon juis die wonderbaarlike krag van God wat mens tot 'n eenheid saambind, al verskil hulle ook van mekaar.

Eenheid wat deel in Jesus se heerlikheid

Kom ons sê dit nog 'n keer: Die eenheid is so groots en diepgaande dat Jesus dit selfs met die eenheid tussen Hom en die Vader vergelyk. Hierdie eenheid is so geloofwaardig dat Jesus by herhaling sê dat dit nodig is dat sy volgelinge een sal wees, want dan sal die wêreld weet en glo.

Wat raakgesien moet word, is wat Jesus van sy "heerlikheid" in vers 22 sê. Om dit te verstaan moet ons teruggaan na Johannes 12:23 ("Die tyd het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word"). Hiervandaan stuur die verhaal direk op die kruisiging (wat paradoksaal sy verheerliking is) af.

Die heerlikheid wat Jesus volgens Johannes 17:22 aan sy volgelinge gegee het, sodat hulle een kan wees, gaan oor die paradoksale heerlikheid. Jesus "gee" aan sy dissipels, sy lydensweg. Die eenheid tussen Jesus se dissipels, is ten diepste 'n eenheid wat die vrug is van dissipels van Jesus wat hulle kruise dra, volgelinge van Hom wat bereid is om die minste te wees en ander se voete te was (Joh. 13), gelowiges wie se optrede vol van genade en waarheid is. In hierdie liefdesgemeenskap is die vrae, "Wie is eenders en wie is anders?" nie belangrik nie. Hier word gefokus op die vrae, "Wie het hulp nodig? Wie se laste moet gedra word?"

- ❖ Hoe kan die kerk n.a.v. bogenoemde, ‘n groter getuienisaksie na buite wees?

Verstom oor die eenheid

Jesus het twee keer die verbintenis gemaak, tussen sy volgelinge se eenheid en die wêreld se reaksie. Daar word vertel dat die wêreld in die eerste eeue verstom was oor die soort liefde wat deur Christene beoefen is. In 'n harde wêreld was hierdie gemeenskappe van genade en waarheid ongekend.

Sosioloë soos Rodney Stark verbind die vinnige groei van die vroeë kerk juis aan die liefde en diens wat uit Jesus se gebed voortspruit:

- Christene het siekes, ook uit die omliggende heidense gemeenskappe, versorg tydens groot plae wat die Romeinse Ryk getref het. Dit terwyl baie mense siekes op straat uitgesit het om daar te sterf, sodat hulle nie self aansteek nie.
- Juis omdat Christene mense uit ander groepe, wat dikwels vyandig tot mekaar geleef het, in die kerk opgeneem en hulle van Jesus se liefde en diens geleer het, het samelewings veiliger geword.
- Vroue en kinders is gerespekteer, en as volwaardige lede van die gemeente hanteer.

Baie van die Christene se diens en toewyding het hulle, hul lewe gekos. Die kerk is deur die staat vervolg. En tog was hulle een in liefde en diens, en het daarom 'n kragtige getuienis gehad.

Laat dit ook ons "heerlikheid" wees – dat die wêreld ons eenheid sal sien, nie omdat ons eenders is nie, maar omdat ons werklik vir mekaar met Jesus se liefde omgee.

- ❖ Lees Rom. 12:3-8. Gesels oor die gedeelte i.t.v die eenheid waarvoor Jesus pleit, in Sy gebed aan die Vader in Joh. 17
- ❖ 1 Kor. 12 praat Paulus oor eenheid in die kerk, maar hy verbind dit aan die werking van die Heilige Gees. Lees gerus die gedeelte en gesels oor die

rol van die Heilige Gees in gelowiges se lewe ten einde eenheid te bewerkstellig.

Samevatting en Afsluiting

- Probeer om in een of twee sinne, die kern van hierdie studie saam te vat.
- Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het prakties toepas as ligdraer van God?
- Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake: